
# DIE KEKKELBEK

## NUUSFLITSE

**JAARGANG: 28 UITGAWE: 7**

SUID AFRIKAANSE WOONWA ASSOSIASIE




WET IS DRY
100% WATERDIG & 100% VENTILEREND MET ion-mask TEGNOLOGIE
V-Lite Altitude Ultra WPi
Ook beskikbaar in
V-Lite Mt. Nevis WPi
V-Lite Cypress WPi
V-Lite Mach 2.0 Low WPi
HI-TEC®
Ontdek meer by www.wetisdry.com
met ion-mask WPi tegnologie
Skakel gerus die Hi-Tec kantore om u naaste verskaffer te vind. Johannesburg: (011) 516-5800 Kaapstad: (021) 555-0707



## SAWA STREEK VAALRIVIER

**Augustus 2009**

INHOUDS OPGAWE

3 Redaksie
4 Boekevat
5 Klipdraai / Eastco Magalies
6 Malonjeni
7 Jan se Konfoe
8 Algemeen / volgende kamp
9 Foto blad
10 Foto blad verv.
11 Foto blad verv.
12 Foto blad verv.
13 Nuwe Lede Voorgestel.
14 Vorige Kamp
15 Verjaardae, huwelikherdenkings—lief en leed
16 Kampe 2009
17 Grappies
18 Biltong en Potbrood resepte
19 Vaaldriehoek Bestuur
20 Lente-gebed



Goeie dag Sawanante

Ons het lanklaas met julle gesels en in hierdie Kekkelbek sal ons dekking gee van Klipdraai, Eastco en die Ysbeer kamp waarvan die uitnodiging deur middel van e-posse en SMS'e. uitgestuur was. Indien jy nie hiervan kennis dra nie, beteken dit dat ons nie jou korrekte kontak besonderhede het nie. Skakel met ons sekeretaresse en bring dit op datum asseblief.

Ter verduideliking waarom daar nie 'n Kekkelbek verprei was voor die Eastco kamp nie; Drie weke is nie genoeg tyd vir die opstel, druk en verspreiding nie en daarom is daar besluit dat dit nie finansieel die moeite werd is om soveel druk op al die stelsels te sit nie—dit het gelukkig daartoe bygedra dat ons nog binne die begroting is.

Met die winter byna verby kan ons almal nou ons vere regskud, die stof van die waens afwas en hierdie komende jaar meer kamp. Die volgende jaar se rooster sal met die AJV aan julle bekend gestel word en baie beplanning is gedoen om 'n gewilde kamprooster saam te stel met tye en oorde wat julle almal sal geval.

Die komende AJV beloof om 'n glanspunt op die jaar se verrigtinge te wees met heerlike bederf wat opgedis gaan word. Daar word van julle verwag om julle teenwoordigheid te bevestig by Marie of enige een van bestuur wat dit aan haar sal deurgee.

Weens veranderende werksomstandighede was ons ongelukkig genoodsaak om ons nie vir 'n derde termyn vir redaksie beskikbaar te stel nie en ons wens die toekomstige redaksie net die beste toe met die hoop van 'n redaksionele toekenning vanaf dagbestuur in die nabye toekoms.

Ons glo dat die kwaliteit dekking die afgelope twee jaar van hoogstaande gehalte was met al die positiewe terugvoering wat ons van oral oor ontvang het. Dit word opreg waardeer en sal die hoofrede wees waarom ons dalk in die toekoms dit weer sal oorweeg indien my werksomstandighede drasties verbeter. Baie dankie aan almal wat gehelp het in die sukses daarvan .



Groete – Red.

## BOEKEVAT

### *Eien Christus se vrede vir jou toe*

**Die lewe is vol ondervindings wat jou gespanne maak. Jy word humeurig en onvergenoeg - omdat jou vrede daarmee heen is. In sulke spanningsituasies is dit noodsaaklik om innerlike reserves op te bou waaruit jy krag kan put. Die belangrikste kragbron in so 'n tyd, is die vrede wat Jesus Christus gee aan almal wat Hom liefhet en dien en in gehoorsaamheid naby Hom leef. Die wonderlikste is dat hierdie vrede beskikbaar is vir elkeen wat gewillig is om Christus te volg.**

**Wanneer spanning begin opbou, moet jy doelbewus weier om jou te laat meesleur. Waak teen humeurigheid en ge-irriteerdheid. Moenie deel word van die gejaagdheid van die massa rondom jou nie. Dwing jouself tot rustigheid. Sonder jou af met Christus. Dit hoef net enkele minute te wees, maar doen dit. Bevestig weer jou afhanklikheid van Hom en glo dat Sy vrede vir jou beskikbaar is en neem dit dan vir jou.**

**Spoedig sal jou moeë, gejaagde gees tot bedaring kom en Christus se vrede jou lewe verfris. Jy sal 'n vrede in jou hart vind wat niks en niemand van jou kan wegneem nie. Jy sal jou Meester hoor se: "Vrede vir jou!"**

***"Heilige God, bring my te midde van die gejaagdheid en spanning van die lewe van elke dag by waters waar daar vrede is. "***

### Kom ons bid...

In die Naam van Jesus, dankie vir hierdie dag. Dankie dat ek kan sien en dat ek kan hoor. Ek is só geseënd omdat U vergewe en verstaan. U het reeds so baie vir my gedoen en nog steeds seën U my. Vergewe my in hierdie dag, want ek het alweer gesondig. Bewaar my van gevaar en seerkry. Maak my positief en vol begrip en deernis. Help my om in hierdie dag my beste te gee. Open my ore, sodat ek U stem kan hoor, Open my oë, sodat ek U werke kan sien en maak my gehoorsaam aan U Woord

Leer my om my besig te hou met dit wat ek kan verander en die res aan U oor te laat. Leer my om sonde deur U oë te sien en dit nét so te haat en dadelik te bely en so vergifnis van U te ontvang. En wanneer die wêreld my druk, dat ek sal onthou om soos Jesus te maak om 'n stil plekkie te soek om U raad te vra - veral as ek voel ek het nie meer raad nie. Ek weet - wanneer ek té ontsteld is om te bid, luister U na my gees en U antwoord. Hou vol om U wil te doen, nie myne nie. Hou vol om my te seën, sodat ek ander tot seën kan wees. Laat my U Woord onthou, sodat ek dit aan ander kan uitdeel.

Ek bid vir dié wat verlore is en U nie kan vind nie.
Ek bid vir hulle wat onregverdig veroordeel word.
Ek bid vir hulle wat U Woord nie met ander wil deel nie.
Ek bid vir hulle wat hierdie woorde sal lees en dit nie wil toepas in hulle lewens nie.
Ek bid vir ons familie, vriende en organisasie.
Ek bid vir hulle wat nie glo nie, Maar ek glo. Ek glo dat God mense verander, ek glo dat God omstandighede verander. Ek bid vir my broers en susters
In die Naam van Jesus.
*Amen.*

***Klipdraai kamp*** ja vele het gewonder oor "die" plekkie wat net 'n klipgooi van ons agterdeur af sit. Groot was my as Gasheer se verassing toe ek Vrydag middag daar intrek. 'n Stukkie hemel het op ons gewag alhoewel vroeg winter was die tuine baie netjies en daar was gras, groen bome, struike en plaveisel wat my gely tot waar ek my woonwa wou staande maak. Die geur van nat gras en plaaslewe het by begroet en sommer dadelik welkom laat voel.

Volkome kragpunte was aangelê om die hoeveelheid woonwaens wat verwag sou word te bedien en water punte was ook nie 'n probleem nie. Vrydag aand het ons afgeskop met 'n heerlike kuier om die kampvure voor die klein saaltjie wat gratis aan ons voorsien was deur die eienaar van die oord, daar was ligte opgesit en klank toerusting uitgedra en die kuierplek voor die saal het verander in 'n feestelikheid met braaivleisgeure wat in die lig hang heerlike musiek deur ons eie kunstenaars Neels Kriel & Charles Rudd en die samesyn van Sawanante wat om "boulas" sit en kuier en gesels, tussenin was heerlike pap en sous verskaf en die mense het so kuier-kuier gesit en eet. Tot laat was daar die groepies wat nog gekuier het en nie wou slaap nie.

Saterdag oggend was daar boekevat gehou, betaaltyd is afgehandel wat gepaard gegaan het met die normale looitjielys en ook rugby raai met 'n "kink". Gedurende die dag het almal maar sy eie ding gedoen, ons wou nie die mense uitput voor die rugby nie, daar was wel groepies en ek self het rondgewandel en al die plekkies op die oord besoek. Wat 'n verassing om te sien wat die oord alles bied en hoe pynlik netjies alles is en instand gehou word. Na vele kragonderbrekings ( wat intussen uitgesorteer is ) het H en M die projektor en die skottel met mekaar laat saam werk sodat daar rugby gekyk kon word. Daar was 'n fantastiese gees en samehorigheid tussen die mense en Sondag met afsluiting was dit ook so deurgegee aan ons.

Klipdraai moet beslis nie vergeet word nie en ek hoop dat ons weer daar sal gaan kamp.– Pieter Johnson.

---

Kamp verslag ***Eastco Magaliesburg*** naweek 12 tot 16 Junie 2009.

Die naweek het aangebreek en hoe mistroostig was die weer nie? (Ons dink dat dit die lede afgeskrik het). Frans en Annatjie was reeds by Eastco van die Donderdag af en hulle het in die reën gery tot amper by Magaliesburg. By Eastco was dit egter reeds oopgetrek. Hanrick hulle ry die Vrydag en toe reën dit nog in Vereeniging maar hoe nader hulle kom hoe meer klaar die weer op. Met hulle aankoms by Eastco is dit oopgetrek en was die weer baie mooi.

Vrydagaand na die oordenking was die gebruiklike braai vure, pap en sous gereed en toe is daar 'n hond uit 'n bos, (of is dit dalk 'n takbok) gekuier. Selfs die takbokke het kom kyk na die eienaardige verskynsel van 'n klomp mense rondom groot vure, en dit in die middel van die straat. Dit danksy Duane Coetzee se nuwe vuurherd uitvindsels.

Hoe verder die aand gevorder het hoe meer vogtig het die lug geword en sommige van ons was sopnat gekondenseer. Digte mis het ons bekruip maar soos dit waardige SAWANANTE betaam het ons ons staan gemaak.

Saterdag oggend het rustig begin en na die oordenking en betaaltyd het almal rustig ontbyt gemaak en tussen deur gekuier. Glo dit of nie daar was dertien(13) woonwaens wat die weer trotseer het.

Die middag het sommige 4 wiel motorfietse gaan ry op die wildsplaas. Vir die wat dit gedoen het was dit 'n belewenis maar ongelukkig bestaan die modderbad van die vorige jaar nie meer nie.

Vir ons ander, wat maar lugtig is, was daar mini golf. Weereens groot prêt en sommige ernstige spelers. Elke een van die kolhoue, (vir die wat nie verstaan nie dit is 'n hole-in-one) was daar luitkeelse aankondigings. Gelukkig was dit maar min. Maar die ander byklanke vir brou houe was egter volop. En die wenner was Nannette Olivier.

Die aand is daar rustig gekuier totdat Martin Coetzee 'n ding daar uitgepluk het wat jy met 'n TV stel, kitare en dromme speel. Dink hulle noem dit 'n "Play Station" of so iets. Hy en Morne het eers gewys hoe dit gedoen behoort te word en daarna het Mahlie tot die stryd toegetree. Verstaan nou nog nie wat aangaan nie want ek is tegnies gestrem vir sulke dinge. Het maar die kampvuur en die geselskap geniet.

Sondag het René Potgieter vir ons 'n pragtige boodskap gebring. Sy het spesiaal deurgery om vir ons te kom kuier. Gelukkig was die kleinkind die trekpleister.

Die res van die dag het rustig verloop en ongelukkig was daar mense wat nie weet hoe om 'n lang naweek te organiseer nie en hulle moes toe maar noodgedwonge oppak en die pad vat.

Ons ander, wat werkgewers het wat verstaan dat van ons ook soms moet rus, het lekker rustig verder gekuier.

Maandag was rustig en elkeen het gedurende die dag sy eie ding gedoen. Die aand was daar weer rustig om die kampvure gekuier tot slapens tyd.

Hoe geseënd is ons nie om sulke naweke te kan geniet nie. Ons kan net die Hemelse Vader hiervoor dank en prys.

Frans en Annatjie / Hanrick en Mahlie

## YSBEERKAMP — MALONJENI. 31/7/09-2/8/09

Na hoeveel weke se gepraat op die forum waar hierdie kamp die lig gesien het breek die naweek uiteindelik aan. As ek geweet het wat wag sou ek seker nooit die aanbod gemaak het om saam met Frans Kloppers hulle en Frans v.d. Linde en sy gesin die naweek as gasheer op te tree nie.

Vrydagaand by die kamp was dit heerlik en het feitlik almal van ons om die vure gesit en heerlik geëet aan die pap en sous wat Frans en Miemie voorberei het. Elkeen het sy eie vleis gebraai terwyl Neels Kriel ons vermaak het met musiek en sang. Dit was 'n lekker kuier tot die vure uit gebrand het.

Maar, o wee, Saterdagoggend word ons wakker met die klank van reën op die dakke. Die weerberigte het mos voor die tyd vir ons gewaarsku van 'n kouefront wat ons gaan tref. Ons het maar bly hoop dat hulle soos gewoonlik 'n bietjie verkeerd sou wees maar heelaas, hulle kon nie meer reg gewees het hierdie slag nie. Sowat van koud (12 grade) en reën met baie modder het ek in 25 jaar se gekamp nog nie belewe nie. Ons, die Gashere, het mos belowe dat ons sal sorg vir ontbyt. Ons het dit toe gedoen en blykbaar het almal dit geniet. Hoe weet ek dit? Hulle het so gesê.

Ons het maar deur die dag se koue gekuier en selfs weg gekruip en toe ons met rugbytyd in die oord se kroeg kon gaan ontspan was dit eintlik 'n verligting om uit die weer uit te kom. Daai aand was daar nie 'n lewende siel te sien in die kamp nie.

Vir die 3 of 4 mense wat laat weet het hulle kom en nie opgedaag het nie wil ek net die volgende sê. "Julle was baie slimmer as ons, maar julle het 'n heerlike ontbyt gemis. Ten minste het julle nie koud gekry nie en is julle woonwaens ook nie vol modder nie." Om nie eens te praat van al die skoene en matte wat ek nie weet of dit weer gaan skoon kom nie.

Nietemin, ek is seker as ons almal weer die keuse gegee word dat ons weer presies dieselfde sal doen.

Willie, Frans en Frans en ons ander helftes

SPEEDY TYRE & EXHAUST
Real People! Real Value! Real Speedy!
SHOCKS
TOWBARS
BRAKES
h/v Voortrekker & De Villierslaan
VEREENIGING
KOBUS BRAND
e-mail; speedyver@telkomsa.net
BRIDGESTONE
TEL: 016-421-2332/3
Fax: 016-422-3996
FIRESTONE




Dagsê aan al ons mede Sawanante !!

Met die brief wil ek graag dankie sê aan die persoon wat die Blouwildebees geskenk het wat ek gewen het deur by Streek Vaalrivier 'n lootjie uit te neem.

Eintlik kan 'n mens nie die vreugde in woorde uitdruk nie, maar glo my as ek sê dat my hart amper gaan staan het deur die opgewondenheid wat daardie dag geheers het.

Nogmals baie dankie aan Francois Pretorius wat dit gereël het, dankie ook aan die skenker Colin Claasse van Masterfire 082 775 4851—ek ken hom nie, maar nogmals baie dankie, dit was 'n baie groot geskenk wat jy geborg het.

Ek wil vir julle vertel hoe belangrik dit is om die streke te ondersteun wat looitjies verkoop. Dit is belangrik vir streke om fondse in te samel om hulle streeks aangeleethede te finansier en alle inkomste word aangewend om SAWA en sy doelstelling in stand te hou.

Hierby sluit ek 'n paar foto's van die jag in dan kan julle saam met my beleef hoe mooi alles daar was, die pragtige jaghuis, die ruim kroeg en die lekker braaiplek. — *Jan Swanepoel.*

DIE KEKKELBEK NUUSFLITSE

## VOLGENDE KAMP

*Die volgende kamp is die AJV by Koppisol vanaf 28 tot 30 Augustus. Dit is op die ou Johannesburg—Vereeniging pad en diegene wat nie weet waar dit is nie, kan met enige van die bestuur skakel vir aanwysings.*

*Die tarief vir die naweek beloop R240 plus R10 vir die plaatjie*

*Die voorlopige program is as volg:*

***Vrydag aand:***

*Boekevat .................................. 19h00*

*(Direk daarna betaaltyd.)*

*(Daarna saambraai—vure, pap en sous sal voorsien word.)*

***Saterdag:***

*AJV ........................................... 11h00*

*Na die verrigtinge sal daar verskillende brode en konfyte met koffie, tee, ens. beskikbaar wees. Bring assebief u eie bordjie, beker / glas vir sjampanje.*

*(Verdienste sertifikate, ens. sal Saterdag aand tydens 'n gala geleentheid oorhandig word.)*

*Saterdag aand ..........................18h00*
*Drag : Semi-formeel*

*Verrigtinge skop af met verwelkoming, ens, wat later 'n buffett ete en nagereg insluit en nog later musiek en dans. (U word weereens versoek om u eie eetgerei en drinkgoed saam te bring)*

***Sondag:***

*Kinderkerk ................................09h30*

*Voorsitterstee...........................10h00*

*Kerk..........................................11h00*

*Program sal by aankoms aan u oorhandig word*

*Enkele besoekers R50 Volwassene / R20 Kind (5 tot 12 jaar oud) asseblief.*

## ALGEMEEN

1.

***Kennis geskied hiermee dat die nege en twintigste Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie, Streek Vaalrivier, gehou sal word op Saterdag 28 Augustus 2009 te Koppisol, distrk De Deur om 11h00.***

2.

**Bevestig met streek Vaalrivier se sekeretaresse—Marie van Niekerk u teenwoordigheid by die AJV so gou as moontlik asseblief. Dit sal die reëlings vergemaklik en verhoed dat ons geld mors.**

3-

**Besoek die SAWA webwerf - www.sawa.org.za**

**Klik dan op "Vaalrivier" en sien wat gebeur.**

**(Mahlie het die wenfoto vir Junie en Dries van der Linde se foto haal die top 5 vir Julie. Knap gedaan Mahlie en Dries)**

4-

**Die Vaalrivier webwerf is ons eie en 'n heerlike plek om aktief deel te neem aan gesprekke, ens. by www.vaalrivier.co.za — as jy nog nie geregistreer het nie, doen dit nou en geniet dit wat aangebied word. Gratis**



# *FOTO BLAD TE Klipdraai (Die kuier)*

















# FOTO BLAD TE Klipdraai (vervolg) Die oord











# FOTO BLAD TE Eastco Magallies (die kuier en gekuier)



# FOTO BLAD TE Eastco Magallies (vervolg)



## *Vorige kampe:*



**Gashere Reinette, Neels, Riaan en Pieter saam met Francois by Klipdraai**



**Gashere Frans en Annatjie, Hanrick en Mahlie met Rickheus by Eastco Maggalies.**



**Kyk net hoe gelukkig lyk 'n wenner.**

**Baie geluk Nanette Olivier—jy ken van put-put !!.**



## Nuwe lede voorgestel by Klipdraai



Marius en Melinda van Niekerk



Neels en Reinette Kriel



Nuwe lede voorgestel by Eastco Magallies saam met Hanrick.

Morne Craucamp

Matt en Nicki Jackson

Roy en Aneke Ridley.





Die jongste van die Jeug-ouers, Francois en Arlene Kloppers is by Klipdraai aan ons gewys en ons wens hulle al die geluk met haar toe en dat sy nog baie jare saam met hulle sal kamp.
Ouboet Duandre is baie trots op sy nuwe sussie Rochelle.

# Verjaarsdaglys : Augustus

## Dames:

| | |
|---|---|
| Botha Mariette | 15 |
| Cronje Stannie | 20 |
| Fourie Smittie | 15 |
| Haasbroek Ralie | 07 |
| Higgs Roselint | 12 |
| Hollenbach Ronel | 06 |
| Naude Martie | 19 |
| Potgieter Marietjie | 12 |
| Pretoruis Dorothy | 11 |

## Mans :

| | |
|---|---|
| Botha Kobus | 17 |
| Botha Jan | 22 |
| Erasmus Duggie | 13 |
| Higgs Johan | 06 |
| Jansen v Rensnburg Frikkie | 02 |
| Jordaan Gert | 13 |
| Oberholzer Hennie | 12 |
| O'Kelly Neels | 11 |
| Van der Merwe Piet | 01 |

## Dogters:

| | |
|---|---|
| Nicolene Pretoruis | 27 |
| Rolande Venter | 25 |
| Zantè van Rooyen | 26 |
| Dominque Taylor | 04 |
| Elaine Janse v Rensburg | 24 |
| Heather Jackson | 29 |

## Seuns:

| | |
|---|---|
| Pieter Oosthuizen | 07 |
| Franco Volchenk | 07 |
| Marten van Wyk | 29 |
| Damoin de Oliveira | 10 |

## Huweliksherdenkings: Augustus

**Danie en Marie van Niekerk 24**

## LIEF EN LEED:

**LIEF:** Die jeug is besig om te groei!!!

Hannes en Jolene Els—Klein Christiaan gebore op 5 Junie.

Johan en Elize Campbell—Klein Ettiene Neil gebore op 23 Junie.

Nuwe woonwaens

Dries en Louise van der Linde

Duane en Esme Coetzee

Pieter en Helen van der Westhuizen

**LEED:** Duane Coetzee en Morne Craukamp is op 6 Julie geskiet tydens 'n huisbraak poging by die Coetzee's se huis in Randburg. Die twee sterk aan na operasies.

Operasies

Klein Christiaan Els

Kobie Schoultz

Mynie Meintjies

*Henry en Wilna Hartslief – Vader is oorlede*

*Thys en Stannie Cronje—bedank*

**HENBERG VAALPARK CC/BK**

CK2001/032261/23

MELORANI GEBOU, STORMBERGSTRAAT

POSBUS 63322, VAALPARK, 1948



Ons is die antwoord op al jou televisie,

Videomasjiene, satelietdekodeerders en

antennastelsels. Geen probleem is te klein of

te groot vir ons opgeleide tegnikuste nie.



Ons doen ook kwotasies vir al die groot versekeringsmaatskappye.

Ons werk enige plek in die vaaldriehoek, TEEN Geen ekstra kostes .

ONS VERKOOP OOK 'N GROOT VERSKEIDENHEID ELEKTRONIESE

ONDERDELE. WAT ONS NIE HET NIE , SAL ONS VIR U KRY.

SPESIALE DIENS EN PRYSE VIR ALLE SAWANANTE—SKAKEL DIREK MET DIE EIENAAR.

**HENNIE OBERHOLZER - Tel 016-971-2342**

## Kampe 2009

| | | Oord | Tema | Tarief | Opmerking |
|---|---|---|---|---|---|
| 23-25 | Januarie | AMIGOS | VISVANG | R 260.00 | As meer as 20 woonwaens, anders R280.00 en R100 vir Donderdag as vroeër arriveer. |
| 20-22 | Februarie | SUIKERBOSRAND | | R 115.00 | Per nag vir eerste 4 persone. Getroude kinders en gaste R40 per persoon per dag |
| 13-15 | Maart | KOPPISOL | GEBIED | | Het nog nie die tarief nie. |
| 10-13 | April | POTCHDAM | PRESIDENTE | R 450.00 | R100 per nag as vroeër arriveer. Bespreek |
| 24-27 | April | KROONPARK | | R 68.00 | per nag + R17.00 per persoon |
| 22-24 | Mei | KLIPDRAAI | | | Het nog nie die tarief nie. |
| 12-16 | Junie | Eastco Magalies | | R 150.00 | per nag / Bespreking |
| 28-30 | Augustus | KOPPISOL | AJV | R 240.00 | Bevestig asseblief by Marie |
| 25-27 | September | BLOEKOMPOORT | | R 150.00 | Naweek tarief |
| 23-25 | Oktober | KOPPISOL | GEBIED | | Het nog nie die tarief nie. |
| 27-29 | November | SUIKERBOSRAND | KERSBOOM | R 115.00 | Per nag vir eerste 4 persone. Getroude kinders en gaste R60 per persoon per dag |

## Glimlag

'n Seuntjie kom die huis binne terwyl hy droewig huil "Wat's fout boetie?" vra sy ma besorgd.

"Pappa het sy duim met die hamer raakgeslaan"

Verduidelik die seuntjie al snikkend.

"Dis nie iets om oor te huil nie"- probeer ma troos - "Jy moet daaroor lag"

Met 'n bewende stemmetjie antwoord die knaap "Ek het!"




Coupla tings yo orta no
Firstly, wen I'm born, I'm black !!
Wen I grow up,I'm black
Wen i get sick, I'm black
Wen I go out ina sun, I'm black
Wen I'm cold, I'm black
And when I get scared,
gee, I'm black
And wen I die, I'm still black
But you white fella . . . .
Wen you born, you pink
Wen you grow up, you white
Wen you get sick, you green
Wen you go out ina sun, you red
Wen you get cold, you go blue
Wen you get scared, you yella
And when you die, you purple
And you got the cheek
to call me coloured !!

**Gatiep lê in die hospitaal na 'n groot ongeluk.**

**Hy vra vir die dokter:"Sal ek darem kan kitaar speel?"**

**"Ja" se die dokter.**

**"Dis fantasties" sê Gatiep, "want ek kon nog nooit nie!"**



## Biltong

**Hierdie is 'n heerlike biltong-resep, maar dit werk meer op "gevoel" as presiese hoeveelhede. So sien jou eerste paar pogings as eksperimente tot jy jou hoeveelhede en weektye reg kry (maak 'n nota van wat jy doen vir volgende keer). En dan hoef jy nooit meer te smag na die smaak van biltong nie!**

- **2kg Bief - bv. 'n lendestuk, in repe gesny**
- **1/2 koppie Bruin Asyn (Rooiwyn Asyn - werk pragtig)**
- **1/4 koppie Worcestersous**
- **Ongeveer 1 koppie goeie kwaliteit klipsout (die groot kristalle, nie gewone tafelsout of growwe sout nie)**
- **1/2 koppie sagte bruinsuiker**
- **Wit peper (na smaak)**
- **Geskroeide, gemaalde koljander, na smaak (ek gebruik ongeveer 3 eetlepels)**
- **Ongeveer 1 teelepel Koeksoda, veral as die vleis redelik taai is**

**Maak gaatjies in die deksels van twee klein botteltjies en gooi die asyn in een en die Worcestersous in die ander (ek gebruik sommer 'n groterige soutpotjie en meng die asyn en Worcestersous).**

**Bestrooi die vleis met die koeksoda, peper en koljander.**

**Strooi 'n bietjie van die klipsout en bruin suiker in 'n dun lagie onder in 'n skottel of bak groot genoeg vir die vleis.**

**Pak 'n lagie vleis in die skottel - begin met die dikste stukke. Besprinkel met die asyn en Worcestersous en strooi weer 'n lagie sout en suiker oor.**

**Herhaal die lae. Maak seker jy gebruik jou speserye op so 'n manier dat hulle op raak net met jou laaste laag vleis.**

**Laat die vleis in die pekel lê vir 8 tot 12 ure (afhangende van hoe dik dit gesny is)**

**Haal die vleis uit en "druk" droog met jou hande - maak seker jy verwyder al die oortollige sout en speserye.**

**Afhangende van jou smaak, kan jy op hierdie stadium meer gemaalde koljander en/of grofgemaalde swart peper in die vleis druk, maar maak seker jy neem notas van wat jy doen sodat jy dit kan onthou en aanpas vir die toekoms.**

**Hang jou vleis op om te droog.**

**Ek het 'n "biltongmasjien" gebou - baie goedkoop en eenvoudig en dit werk soos 'n droom in enige seisoen. Net nie groot genoeg vir 'n hele bees nie, maar kan tot 10kg. hanteer. Ek het 'n sterk karton doos gevat en sy een kant 'n gat in gesny van 'n gewone waaier grote en hoogte, vier reguit 10mm ronde yster stafies bo deur die doos gedruk—parralel met die gatkant - en dan hang ek die biltong of droëwors daaraan. Gooi 'n ou koerant onder in sodat jou "masjien" oor en oor gebruik kan word. Ek het gewoonlik binne 3 dae biltong, selfs in die somer of wanneer dit bedompig is.**

### *Potbrood*

| | | |
|---|---|---|
| **375 ml louwarm water** | **15 ml suiker** | **30 ml botter** |
| **10,5 ml korrelgis** | **6 x 250 ml meel—** | **10,5 ml sout** |

**Meng water, suiker en gis in bakkie met deksel (wat nie seël) en maak warm toe. Laat staan tot die mengsel goed skuim. (+30min. ) Sif meel, sout saam in n groot mengbak. Voeg gismengsel by meel en genoeg louwarm water by en knie goed. Bedek met 'n bottergesmeerde plastiek. (spray & cook) Maak deeg warm toe met kombers. Laat vir 1 uur op warm plek staan om te rys (in die motor werk goed). Wanneer dubbel gerys het, voeg botter by en knie deeglik af. Vorm 'n rondebrood en plaas in gesmeerde swart platboompot. Plaas gesmeerde plastiek bo-op deeg, dan die deksel. Maak weer warm toe en laat weer vir 1 uur lank rys tot dubbel. Haal die plastiek af, sit dan gesmeerde deksel op. Bak brood op goeie kole vir 1 uur—nie te naby aan vuur nie met vyf of ses kole op die deksel. Haal uit, plaas op tafeldoek en smeer die hele brood met botter. Maak die brood dan toe en laat vir 'n ruk toe staam. Eet dit warm by die braaivleis met appelkooskonfyt.**

## *GEBIED VAALDRIEHOEK*

***VOORSITTER***
***PIETER VAN DER WESTHUIZEN***
W 016 980 3058
S 083 658 6263
F 086 633 1939
E-pos: wessie@cel-wire.co.za

***SEKERETARIS:***
***TIENIE HERHOLDT***
S 083 304 0604
E-pos: tienie@absamail.co.za

| | | |
|---|---|---|
| Overvaal Voorsitter<br>PIET VAN DER WALT<br>H 016 987 2019<br>S 083 293 7905<br>F 016 987 3398 | NOFS VOORSITTER<br>ROELF HARMSE<br>H 056 933 0517<br>S 078 457 2717<br>F 056 933 0786 | Riemland Voorsitter<br>LAMMIE VOS<br>H 058 852 1463<br>S 082 858 9582 |

**VAALRIVIER**

| | |
|---|---|
| **VOORSITTER**<br>**FRANCOIS PRETORIUS**<br>W 011 371 6290<br>S 082 468 5972/084 468 5972<br>F 011 352 9050<br>E –pos:FPretorius2@fnb.co.za | **ONDERVOORSITTER**<br>**HANRICK SCHOULTZ**<br>S 082 458 2103<br>E –pos: Hanricks@gmail.com |
| **SEKRETARESSE**<br>**MARIE VAN NIEKERK**<br>W 016 950 6013<br>S 083 778 5020<br>F 016 950 6013<br>E-pos maraai20002000@yahoo.com | **PENNINGMEESTER**<br>**SURINA POWER**<br>W 011 636 3633<br>S 082 941 1121<br>F 011 636 9610<br>E-pos: Surina.Power@standardbank.co.za |
| **JEUG**<br>**FRANCOIS & ARELENE KLOPPERS**<br>H 016 422 6576<br>W 016 422 6576<br>S 082 877 8591<br>F 086 683 1286<br>Francois@paintshuttle.co.za | **REDAKSIE**<br>**JOHAN en SUSAN DU PREEZ**<br>H 016 341 4531<br>W 011 612 4547<br>S 083 566 7968<br>F 086 683 1286<br>E-pos : johan.dupreez3@transnet.net<br>E-pos : SL22@telkomsa.net |
| **SKAKELING**<br>**ANZUNETTE VOLSCHENK**<br>H 016 428 1961<br>W 016 889 3192<br>S 083 308 9318<br>F 016 428 3982<br>Anzunette.Volschenk@arcelormittal.com | **TEGNIES**<br>**JOHAN en ELIZE CAMPBELL**<br>S. 082 7820972<br>Johan.campbell@absa.co.za |





# Lente-gebed



Dankie Here vir die gawe van die lente.
Dankie vir die nuwe lewe wat U skenk.
Dankie vir die blommeprag.
Dankie vir die mossies wat in die bome nes maak.
Dankie vir die swaeltjies wat terug gekom het.
Dankie vir die getjirp van die mossies wat ons daarop bedag maak dat U die Skepper van nuwe lewe is. Hulle sing en U voed hulle. Hulle sing omdat daar eiertjies in hulle nes is. Ja, selfs al het een uitgeval.
Here, gee ook aan ons 'n lied in die hart en 'n lus om
elke dag soos die mossies te begin.





Help ons om al singende die
Goeie Nuus wat nuwe lewe
bring vir almal te alle tye, beskikbaar te
stel.
Amen.

Groete en geniet hierdie mooi tyd van die jaar.







**INDIEN ONAFGELEWER POS AAN :**

**Die Redakteur : Roetsstraat 32**
**Rensburg - 1441**